# Ons 'nuwe' wet en sy vele gebreke

**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za



**DEELTITEL-FORUM**

Ja, vandag het ek in 'n splinternuwe omgewing begin werk.

Dit is nuut, maar nogtans bekend. Dit is 'n nuwe kantoor met nuwe kantoortoerusting en nuwe kollegas – nogtans is daar steeds dieselfde tipes vrae en antwoorde oor die deeltitelbedryf wat voorkom.

My nuwe rol as konsultant by die prokureursfirma Du Plessis Hofmeyr Malan Ing. in Somerset-Wes is 'n opwindende nuwe hoofstuk vir al die bovermelde redes – hopelik ook vir die persone wat my opleidingskursus vir trustees in sy nuwe formaat gaan bywoon. Die kursus fokus op die sogenaamde "nuwe" deeltitelwetgewing wat nou vir die bedryf geld, en die vrae wat dit kan meebring. Kom ons kyk na enkele daarvan:

**Die eerste ding wat** lesers moet verstaan is dat alles wat nuut is, nie altyd perfek is nie.

Hiermee 'n belangrike geval wat ons kan oorweeg, naamlik art. 6 van die Deeltitelskemasbestuurswet. Ons het hier met 'n uitsonderlike bepaling in die wetgewing te doen wat eintlik in die bestuursreëls tuishoort.

Hierdie teenstrydigheid maak die interpretasie van die bepaling besonder moeilik. Én dit is maar net een van verskeie sulke gevalle wat voorkom.

> **Alles wat die nuwe wetgewing betref is natuurlik nie sleg nie. Die skep van wetgewing om 'n Ombuddiens tot stand te bring, moet as voordelig beskou word.**

**'n Verdere problematiese** neiging van die wetgewer is om die belange van skuldenaars bo die belange van eienaars te stel wat hul heffings pligsgetrou betaal.

Ek is nie seker waar hierdie modernistiese, liberale houding van die wetgewer vandaan kom nie – wat ek wel daaroor kan sê is dat dit nie 'n gesonde neiging is nie.

Art. 6 van die Deeltitelskemasbestuurswet handel onder meer oor volmagte (*proxies*) en beperk ook die aantal volmagte wat 'n enkele lid mag uitoefen tot twee.

Ons vorige deeltitelwetgewing het geen beperkings hierop bevat nie.

Daar is natuurlik 'n rede – hetsy goed of sleg – vir hierdie krasse beperking: Indien 'n onbeperkte aantal volmagte toegelaat word, is dit dikwels misbruik om die oorhand te kry wanneer dit by stemming kom.

**Alles wat die** nuwe wetgewing betref is natuurlik nie sleg nie. Die skep van wetgewing om 'n ombuddiens tot stand te bring, moet sekerlik as voordelig beskou word. Al is dié diens nog in sy kinderskoene.

Die stelsel wat die ombuddiens voorafgegaan het, was beslis gebrekkig – al neem jy slegs die ondersoek van die reëls in ag.

Dit is eienaardig dat ons wetgewing vereis dat elke gewysigde stel reëls 'n indeks moet kry, terwyl die wetgewer se eie uitgawes self geen indekse bevat nie.

Nou ja – ons kan werklik net hoop dat die wetgewer die vele gebreke in die wetgewing sal regstel. Hierdie gebreke is al dikwels genoeg in die Deeltitelforum-rubriek uitgewys…

